Sesde week na Epifanie

16 Februarie

1Kor.3:1-9

Die oorsaak van verdeeldheid

Ysbreker

Wat dink julle, is gewoonlik die oorsaak van vriendskappe wat tot niet gaan?

Lof en aanbidding

Dink nou aan Jesus in julle midde en loof en aanbid die Here met julle liedere. Raak dan stil en gee Hom die geleentheid om saam met jou deur die afgelope week in jou lewe saam met jou te loop. Wanneer het jy op jou naaste aan Hom gevoel? Dank Hom daarvoor. Was daar oomblikke dat jy met iemand gestry het en verwydering met jou Here beleef het? Het dit jou Gemeente beïnvloed? Praat met Hom daaroor. Laat die Gees jou oorneem en lei. Iemand lees Psalm 119:1-8 en die res bid dit in hulle harte saam. Fluister die woorde: “Ek sal my aan u voorskrifte hou: moet my tog nooit verlaat nie”.

Woord

1Kor.3:1-9

1. Lees die gedeelte in stilte met jou hart en sien jouself in die prentjie wat Paulus hier skets. Herhaal die woorde wat uitstaan, sodat dit deel word van jou lewe.
2. Watter probleem het Paulus met die Gemeente van Korinte? (Verse 1-2)
3. Wat is die resultaat van die probleem? (vers 3)
4. Waaroor was die verdeeldheid in die Gemeente? (Verse 4-7) Waaroor is daar vandag verdeeldheid in die Gemeente?
5. Hoe bring Paulus hulle terug na die kern van die Gemeente? (vers 8) Waarom gaan dit eintlik in die Gemeente en in elke gelowige se lewe?
6. Lees nou weer die gedeelte in stilte biddend. Fluister die woorde: “Dit gaan om God”. Sien hoe jou lewe verander wanneer alles om God gaan.

Bedien mekaar

Draai 3-3 na mekaar toe. Deel eers met mekaar die mooi dinge wat julle van mekaar waardeer. Deel dan julle behoeftes met mekaar en bid vir mekaar en die Gemeente.

Uitsending

Hoe gaan ons as groep die boodskap “Dit gaan om God” in die volgende week verkondig en leef?